

## DIE AARD VAN OU EN NUWE INFORMASIE IN DIE GRAPTEKS

P.S. de Bruyn

Departement Afrikaans en Nederlands, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom 2520, Republiek van Suid-Afrika.

*For a text to qualify as a joke, it is essential that it makes one laugh. A joke can furthermore be described as a short story without any detail and it consists of bits of information, supplied in a specific order. The aim is to have a punch line which acts as a trigger that amuses. The punch line is also ambiguous, and one of the meanings will highlight something ludicrous and surprising. When they belong to the same cultural group, the narrator and the audience will share certain pieces of information. This information will be of a special kind and will often be essential for the appreciation of the particular joke. If this is not shared by all members of the audience, it should be added. Prince (1981) has made a useful taxonomy of the different kinds of information. However, cultural information was not included in her categorization. Jokes very often depend on this kind of information and when it is not common knowledge to all the members of an audience, the joke will not be appreciated by everyone. Various jokes have supplied examples of different kinds of information which can be used to expand Prince's taxonomy to include information about names, tragedies and other important events, cultural groups and language.*

*'n Essensiële kenmerk van 'n teks wat as grap kwalifiseer, is onder andere dat dit 'n mens laat lag. 'n Grap kan verder beskryf word as 'n kort storie, sonder detail. Dit word opgebou uit stukkies informasie wat in 'n sekere volgorde aangebied word. Dit het ten doel om die trefreël te laat slaag as 'n prikkel wat amuseer. Die trefreël word gekenmerk deur meerduidigheid waarvan een betekenis verrassend is. Indien hulle tot dieselfde kultuurgroep behoort, kan aanvaar word dat die verteller en sy gehoor sekere informasie sal deel. Dit is 'n feit dat sekere informasie dikwels essensieel is om 'n grap as sodanig te laat slaag. Wanneer sulke informasie nie aan alle lede van die gehoor bekend is nie, sal dit addisioneel verskaf moet word. Prince het in 1981 'n bruikbare klassifikasie van informasie gemaak. Wat egter opvallend is, is dat kulturele informasie nie daarby betrek is nie. Dit is juis hierdie kulturele informasie wat as gedeelde kennis figureer in heelwat grappe en wanneer dit nie aan die hele gehoor bekend is nie, kan dit die rede wees waarom die grap vir sekere persone net nie slaag nie. Verskeie grappe het voorbeelde verskaf van verskillende soorte informasie wat die klassifikasie van Prince kan uitbrei met gedeelde informasie wat betref onder andere name, tragedies of belangrike gebeurtenisse, kulturele groepe en taal.*

### 1. INLEIDING

Volgens Garvin (1969:231) is dit lede van die Praagse Skool wat die gedagte insieer dat taal 'n stelsel van tekens is wat as instrument gebruik word waarmee 'n spreker sy hoorder/gehoor iets meedeel oor die een of ander aangeleentheid. Hierdie benadering betrek 'n baie belangrike faktor, naamlik **spraaksituasie**. Spreker, hoorder/gehoor en gespreksonderwerp dra elk op sy eie wyse by tot die strukturering van die sin wat, wanneer dit as uiting realiseer, geïntegreer is in die feitlike situasie waarin dit as kommunikasie-eenheid aangebied word.

Afgesien van die grammatikale struktuur van elke uiting, word ook 'n informasiedraende struktuur onderskei wat in twee dele verdeel word. Gewoonlik bevat die eerste deel gegewens wat in die betrokke situasie as bekend of opvallend geklassifiseer kan word. Dit vorm die vertrekpunt vir die spreker. Die tweede deel word as die kern van die uiting beskou en bestaan uit dit wat die spreker meedeel oor die vertrekpunt van die uiting.

"Vertrekpunt" en "kern" word later met die terme **tema** en **rema** respektiewelik vervang en die studie wat hieruit voortvloei, ondersoek die informasiestruktuur van uitinge. Die temagedeelte van elke uiting word geklassifiseer as "bekende" of "ou informasie", terwyl die remagedeelte as "onbekende" of "nuwe informasie" beskou word. Die kwessie oor watter status sekere informasie-eenhede het, is onder andere deur Chafe (1976) hanteer. Hy maak die nuttige onderskeid tussen informasie wat "reeds geaktiveer" is en dié wat "nuut geaktiveer" is in die remagedeelte van uitinge. So onderskei hy tussen informasie wat vir die heel eerste keer ter sprake kom en informasie wat nie onbekend is nie, maar vir die eerste keer in die spraaksituasie gemeld word. Daar is ook gebruik gemaak van die terme "fokus" en "spreker se empatie" waar dit soms nodig is om van meer as slegs "tema" te praat. Vergelyk Kuno (1976) hieroor, asook Brown en Yule (1983 hoofstuk 5) en Carstens (1984: 142-153) oor informasie-indeling.

Die uitpluis van die informasiestruktuur in uitinge is onder andere 'n hulpmiddel om te begryp dat taal 'n medium is waarmee mense informasie onderling uitruil. Hockett (1977:257) wys tereg daarop dat taal ook anders aangewend word, byvoorbeeld om mekaar te vermaak. Een van die maniere waarop baie kultuurgroepe taal so aanwend, is om grappe te vertel. Dit is voor die hand liggend dat die aard van die informasie wat in 'n graptekste aangewend word sekere eienskappe sal hê en dit is wat hier ter sprake gaan kom.

## 2. OM TE LAG

Verskillende wetenskaplikes, onder andere Milner (1972) en Hockett (1977), het daarop gewys dat daar verskillende redes is waarom daar gelag word. Dit is nie slegs humor wat die lag opwek nie – soms lag 'n mens uit verleentheid of uit skaamte, hy lag as hy 'n oorwinning behaal het of as 'n stuk werk bevredigend afgehandel is. Humor vloei dikwels voort uit 'n sekere situasie waarin verskeie elemente kombineer om iets wat snaaks is te genereer. Die elemente op sigself is nie snaaks nie, maar as 'n gesiene persoon en 'n piesangskil bymekaar gebring word en daar word gegly en geval, is die besondere kombinasie lagwekkend. (Vgl. Gruner, 1978:5 e.v. vir verskillende kategorieë van humor.)

Grappe, as vertellings en opgetekende eenhede, vorm 'n belangrike bron van humor. Dit kom voor in die vorm van tekenprentjies in byna elke koerant en tydskrif, asook in daaglikse spotprente en in rubrieke wat spesialiseer in die versameling van grappe en kwinkslae oor die daaglikse gebeure in 'n betrokke samelewing. Die weeklikse rubriek "Huisgenotjies" in "Huisgenoot" is 'n goeie voorbeeld hiervan, asook die rubriek "Duwweeltjie" in "Finansies en Tegniek." Die dagblad "Beeld" publiseer ook elke dag 'n reeks strokiesverhale wat daarop ingestel is om te amuseer.

Al hierdie voorbeelde van humor is vir hulle geslaagdheid afhanklik van informasie. Verskillende tipes informasie speel 'n rol in enige vorm van humor; die informasie wissel ten opsigte van aard en hoeveelheid. Die verteller van 'n grap sal aanvaar dat hy en sy gehoor met sekere gegewens bekend is as hulle tot dieselfde kultuurgroep behoort en hy sal dit dus nie nodig vind om sekere informasie te voorsien nie – dit sal as gedeelde kennis beskou word. Wanneer persone van 'n ander kultuur- of taalgroep 'n grap wil waardeer, spreek dit vanself dat die informasie wat verskaf word in die teks, mondeling of skriftelik, voldoende moet wees vir die teks om as grap te slaag – anders faal die uitsluitlike doel van die besondere stuk kommunikasie, naamlik om te amuseer.

## 3. PRIORITEITE IN DIE VOORSIENING VAN INFORMASIE

In enige graptteks is sekere informasie essensieel. Die vertel van 'n grap skep 'n konteks volgens Hetzron (1991:66). 'n Situasie word saamgestel met uitgesoekte stukkie informasie, op so 'n wyse dat die slotreël, in die geval van die grap 'n "trefreël" genoem, sal amuseer. Dit is slegs wanneer die lagwekkende eenheid in geheel geskep is dat die grap realiseer. Hockett (1977:288) wys daarop dat sekere woorde die sleutelinformasie van 'n grap dra en dat dit essensieel is om die vertelling in sy doel te laat slaag. Die spil waarom die grap draai, die teiken en die trefreël, sal uit die aard van die saak die heel belangrikste informasie aktiveer. Die volgorde waarin die informasie

beskikbaar word, is belangrik om nie die trefreël vooruit te loop nie; die hoeveelheid informasie is ook belangrik, omdat daar iets aan die gehoor se verbeelding oorgelaat moet word, sonder om begrip in te boet. Bondigheid bly steeds 'n belangrike eienskap van die suksesvolle grap. 'n Bepaalde struktuur kan daarom gevind word in elke grap. (Vgl. Kreitler, Drechsler en Kreitler, 1988:303.)

Alle informasie wat ter sprake kom moet relevant wees om die laaste reël van die grap te maak wat hy moet wees, 'n trefreël. Dit verseker dat die grap 'n sukses is. Dit word by implikasie bevestig deur Prince (1981: 223, 224) wat daarop wys dat wanneer taal natuurlik gebruik word, dit op so 'n wyse geformuleer is dat dit voldoende is om die ontvanger daarvan in staat te stel om die bedoelde boodskap te dekodeer. Die spreker of verteller sal 'n sekere hipotese hê aangaande die informasie waaroor die gehoor beskik en dit sal bepaal wat as nuwe informasie aangebied gaan word.

Die verteller wat 'n graptteks gaan aanbied, sal aanvaar dat die gehoor daardeur geamuseer sal wees. Die onderwerp van die grap en die teiken sal dienoreenkomstig uitgesoek word. Dit sal ook vooronderstel word dat dit wat vertel word van, of die opmerkings oor, hierdie teiken deur die gehoor as lagwekkend ervaar sal word en nie aanstoot sal gee nie.

Met die voorsiening van informasie moet steeds in gedagte gehou word hoe belangrik dit is om 'n verrassingselement in die meerduidige trefreël te verskaf. Omdat byna elke grap afhanklik is van meerduidigheid (Raskin, 1985: xiii, Hockett, 1977: 262) word die opbou van informasie, wat dan uiteindelik die konteks uitmaak, so beplan dat een moontlike, logiese betekenis deur die gehoor verwag word. Hockett (1977:262) noem dit die "garden-path jokes". 'n Bykomende, amusante betekenis word uit die aard van die teks verwag, maar dit moet tog verrassend wees. Die omstandighede waarin 'n grap vertel word, skep 'n sekere verwagting. Daar is 'n vooronderstelling by die gehoor dat behalwe die sogenaamde normale verloop van die teks nog iets onverwags en amusant gaan volg. Dit verhoog die informatiwiteit van die gegewens en daarmee die interessantheid daarvan. In 'n suksesvolle grap moet hierdie bykomende, amusante betekenis verras, omdat soos Dolitski (1983:41 e.v.) uitwys, deur die verwagting van net een van die deelnemers aan die humorsituasie te weerspreek, word humor geskep. Met die informasie wat verskaf word, skep die verteller dus 'n sekere verwagting. Sekere informasie waaroor die verteller beskik en wat essensieel is vir die geslaagde grap figureer onverwags in die trefreël.

Die trefreël het gevolglik die vermoë om teen die agtergrond van die gegewe informasie meer as een interpretasie op te wek, waarvan een amusant moet wees. By die interpretasie van die trefreël moet daar afleidings gemaak word en dit kan nie gedoen word sonder die detail wat die voorafgaande teks verskaf nie, of die "moontlike wêreld" waarteen die grap vertel word nie.

Die volgende voorbeeld sal die belangrikheid van sekere informasie illustreer:

(1a) Die staatspresident vertrek vanoggend op besoek aan goedgesinde lande. Hy sal terug wees vir middagete.

Vir hierdie grap, in die vorm van 'n kort nuusberig of verklaring, was daar waardering toe mnr. P.W. Botha die staatspresident was in die RSA. Met sy uitrede en die verkiesing van 'n meer populêre persoon en die politieke hervormings wat daarmee gepaard gegaan het, geld (1a) net nie meer as 'n grap nie. Alhoewel (1a) 'n eenvoudige voorbeeld is, illustreer dit die belang van sekere aspekte: die tyd van ontstaan van die grap, die persone betrokke en die plek van oorsprong. Dit illustreer dat die **moontlike wêreld** waarin die grap sy bestaansreg het, wat die kulturele informasie sal insluit, van fundamentele belang is. In taalkundige terme: die interpretasie van enige uiting is afhanklik van die deiktiese sentrum vanwaar die uiting gemaak word.

'n Deel van die informasie wat die grap uitmaak, is geïntegreer in die situasie; dit hoef nie genoem te word nie en word geklassifiseer as **gedeeldekennis**. Wanneer die informasie van 'n kulturele aard is, sal dit nodig wees om dit aan diegene van 'n ander kultuur wat hulle in die gehoor mag bevind, te verduidelik. Ander essensiële informasie word in die opbou van die grap voorsien. Die korpus informasie is van so 'n aard en in 'n beplande volgorde aangebied dat die trefreël amuseer vanweë die meerduidigheid, die paradoks, die verrassing wat met die uiting daarvan realiseer. As 'n vorm van kreatiewe literatuur is hierdie eienskappe van die trefreël een van die kenmerke daarvan. Die spanning wat opbou uit die aard van die teks as grap, het 'n humoristiese afloop.

'n Variant van (1a), naamlik (1b), kan soos volg lyk:

(1b) Die staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, mnr. P.W. Botha, het vanoggend vertrek om die klein groepie state in die wêreld te besoek wat die Republiek nog goedgesind is. Omdat hulle so min is, sal hy nie lank weg wees nie, slegs 'n halwe dag. Hy sal daarom middagete by sy eie huis kan geniet.

'n Noukeurige vergelyking van (1a) met (1b) toon dat in (1a) die volgende informasie, óf as kennis gedeel deur die gehoor, óf as kennis wat die gehoor kan aflei, beskou word:

- \* Tyd van uiting.
- \* Plek van uiting.
- \* Identiteit van die betrokke persoon.
- \* Naam van die betrokke land.
- \* Die aantal vriendelike state.
- \* Die president sal 'n klein rukkie weg wees.

Die belangrikheid van die informasie wat in die situasie beskikbaar is, word onmiddellik duidelik as (1a) byvoorbeeld vertel sou word in die VSA. Nie slegs die identiteit van die staatspresident verander nie, maar ook die aantal "vriendelike state"; die teks is net nie meer 'n grap nie. Die trefreël sal grens aan onsin en daar is geen verrassende betekenis wat afleibaar is nie. Die informasie kan pertinent genoem word, dit kan geïmpliseer wees, of dit kan van 'n kulturele aard wees. Dit sou ook op een of ander ander wyse vooronderstel kon word. Dit moet egter voldoende wees en van so 'n aard dat die teks as grap kwalifiseer.

Net die basiese hoeveelheid informasie word verskaf, terwyl ander weerhou word of as vooronderstelling aanvaar word. Al die informasie werk egter saam tot die realisering van die grap as 'n eenheid.

Die aard van die informasie kom vervolgens onder die loep.

#### 4. SOORTE INFORMASIE

In enige kommunikasiesituasie sal aanvaar word dat sekere informasie ongesê mag bly. Daar kan aanvaar word dat die aard van hierdie informasie sal varieer van kultuurgroep tot kultuurgroep. Dit geld ook vir grappe -- net voldoende informasie word gegee, sonder om verlies van begrip in te boet. Dit sal van die diskresie van die verteller afhang wat vertel word en wat ongenoem sal bly. Hy sal ook daarop staatmaak dat sekere informasie, relevant vir die grap, afleibaar is. Voorbeelde uit die Suid-Afrikaanse milieu ter bevestiging hiervan illustreer hierdie saak later onder die verskillende hoofde. (Vgl. 3.2 tot 3.6).

Vertellers kan sekere aannames aangaande gedeelde kennis maak:

- \* Sekere informasie is in die situasie teenwoordig ten tye van die taalhandeling en kan deur die sintuie waargeneem word.
- \* Sekere informasie is alreeds in die gesprek genoem en is daarom vanweë die taalgebruik teenwoordig, byvoorbeeld: as iemand daarin **geslaag** het om iets te doen, dan bestaan die vooronderstelling dat hy **probeër** het om dit te doen.
- \* Ander informasie is indirek teenwoordig en kan afgelei word van dit wat reeds genoem is. In 'n gegewe situasie sal dit as beskikbaar beskou word, asook die kulturele agtergrond van die deelnemers en hulle gedeelde ervarings. Vertellers sal van hulle gehore verwag om in die lig hiervan sekere assosiasies te hê.
- \* Mense behoort ook tot 'n sekere gemeenskap en daarom het hulle kennis aangaande 'n betrokke taal, of detail van 'n sekere beroep. (Bach en

Harnish (1979:5) gee 'n nuttige indeling van die soorte informasie. Dit word ook behandel deur Du Plessis (1987:204). Ook Carstens (1992a en b) bespreek besondere kontekstuele faktore, as ook die groter nietalige omgewing waarbinne taalgebruik voorkom.)

Dit kom daarop neer dat sekere informasie gegee en dat ander informasie nuut is. Hierdie kwessie is reeds in 1981 deur Prince uitgepluis en haar riglyne word nou gebruik om die verskillende soorte informasie te klassifiseer en te kyk op welke wyse dit in 'n aantal grappe voorkom.

#### 4.1 Gedeelde informasie

Omdat daar verwarring bestaan oor wat presies met "gedeelde informasie" bedoel word, word die term "aanvaarde bekendheid" verkies. Aanvaarde bekendheid word linguisties op 'n verskeidenheid maniere tot stand gebring. Dit word soos volg geïllustreer:

- (2a) Waar het jy daardie pienk olifant gekry?  
 (2b) F.W. de Klerk is luid toegejuig.  
 (2c) Ek besit 'n pistool met 'n baie sensitiewe sneller.  
 (2d) 'n Kollega wat ek dikwels sien, het ontdek dat sy beroof is.  
 (2e) Kyk, drie van daardie voëls is wyfies.


Die naamwoordstukke *jy* in (2a), *F.W. de Klerk* in (2b), en '*n sneller* in (2c) en 'n gedeelte in *drie van daardie voëls* in (2e) word ervaar as bekend by die gehoor. So ook 'n gedeelte van *drie van daardie voëls*, omdat die groep voëls opvallend is. Aan die ander kant word '*n pistool* in (2c) en '*n kollega wat ek dikwels sien* in (2d) ervaar as onbekend. Ook word 'n gedeelte van *drie van daardie voëls* in (2e) as onbekend ervaar, omdat in die groep die betrokke drie om voor die hand liggende redes nie opvallend is nie. (Vgl. Carstens, 1984:152).

Dit is so dat in elke diskoers sekere sake ter sprake kom. Dit is **nuwe informasie**; as dit vir die eerste keer ter sprake kom, is dit **splinternuut**, maar as dit geklassifiseer kan word as deel van die gehoor se vorige ervaring en dit was nog nie in die betrokke diskoers ter sprake nie, kan dit geklassifiseer word as **ongebruik**. As die voorbeelde in (2) in die Suid-Afrikaanse konteks beoordeel word, sal *F.W. de Klerk* in (2b) beskou kan word as **ongebruik** terwyl '*n pistool* in (2c) en '*n kollega wat ek dikwels sien* in (2d) as **splinternuut** geklassifiseer sal word.

Wanneer 'n sekere naamwoordstuk voorkom wat herwinbaar is uit die diskoers, kan dit geklassifiseer word as **opgeroep**. Dit kan óf **tekstueel opgeroep** wees as dit vroeër in die diskoers genoem is, óf dit kan

**situasioneel opgeroep** wees. *Jy* in (2a) is **situasioneel opgeroep**, terwyl *sy* in (2d) **tekstueel opgeroep** is.

Daar is ook nog ander informasie wat geklassifiseer kan word as **afleibaar**. Alle pistole het snellers, daarom is *snellers* afleibaar van *pistole*. 'n Voorbeeld van sogenaamde **insluitende afleidinge** word in (2e) gevind waar *drie van daardie voëls* afleibaar is van *daardie voëls*. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:



Enige homogene gemeenskap beskik oor dormante informasie en daarom kan enige verteller van sy gehoor verwag om dit beskikbaar te hê, gereed om te implimenteer. Hierdie informasie sal van kultuur tot kultuur wissel en ongesê bly, soos reeds genoem. As informasie verduidelik moet word, sal dit natuurlik die geslaagdheid van die grap benadeel, omdat 'n grap veronderstel is om kort te wees. Omdat informasie van 'n kulturele aard so 'n groot rol speel, word dit vervolgens van nader ondersoek.

#### 4.2 Kulturele informasie

Hierdie informasie het te doen met geskiedenis, aardrykskundige ligging, ander kulture waarmee kontak gemaak word, taal, politiek, tipiese name (van mense en plekke), uitstaande gebeurtenisse en ondervindings, ensovoorts. Dit sal as beskikbaar beskou word by die vertel van 'n grap. Dit is ook hierdie

informatie wat aan ander kultuurgroepe verduidelik sal moet word om die grap verstaanbaar te maak. Suid-Afrika is geen uitsondering nie en vervolgens word onder verskillende hoofde na sulke informasie gekyk.

### 4.3 Geografiese grense binne Suid-Afrika

Die geskiedenis en natuurlike grense het Suid-Afrika verdeel in vier provinsies. Soos ook in ander lande in die wêreld word 'n sekere geografiese groep die teiken gemaak van grappe. Die Oranje-Vrystaat ontgeld dit in Suid-Afrika en voorbeelde soos die volgende, in die vorm van kort stellings of vraag-en-antwoord, word gehoor:

- (3) Die Oranje-Vrystaat is so 'n slegte plek, selfs die Vaalrivier loop 'n draai daarom.
- (4) Hoe herken 'n mens 'n Vrystater op Durban se strand?  
Hy eet 'n piesang soos 'n groenmielie.

Wat (3) en (4) betref, word die volgende informasie as bekend aanvaar -- daaronder slaag die grappe nie:

- \* Die Vaalrivier vorm 'n natuurlike grens tussen die Oranje-Vrystaat en Transvaal.
- \* In die Oranje-Vrystaat word met mielies geboer.
- \* Mielies word op 'n sekere wyse geëet.
- \* Durban is 'n populêre vakansiestad, aan die see en baie binnelanders besoek dit.
- \* Durban is in Natal geleë waar met piesangs geboer word.
- \* Piesangs word op 'n sekere wyse geëet.

### 4.4 Buurstate van Suid-Afrika

Dit kom algemeen voor dat een taal- of kultuurgroep 'n ander uitsonder as teiken vir grappe. Die teiken word gewoonlik gestereotipeer as dom, onbeholpe, ongeletterd, onbeskaafd, ensovoorts. Die Franse het as teiken die Belge en andersom, die Swede spot met die Dene, die Engelse met die Iere, ensovoorts. Uit die aard van die bevolkingsamestelling in Suid-Afrika het die Afrikaanssprekendes al heelwat teikens gehad. In die jongste verlede is die Ethiopiërs uitgesonder; dit is veral hulle haglike omstandighede wat die teiken geword het. Van hierdie grappe hanteer as gedeelde informasie die langdurige droogte in Afrika, die berugtheid van wanregering en administrasie in die state, korrupsie, oorbevolking, ensovoorts. Sommige van hierdie grappe grens aan onsmaaklikheid. Enkele voorbeelde word genoem; hulle werk hoofsaaklik met die hongersnood as verwysingsraamwerk:

- (4) Wat is die vinnigste ding in Ethiopië?  
'n Hoender.

Wat is die tweede vinnigste ding in Ethiopië?  
Die een wat die hoender jaag.

- (5) Wat noem mens 'n Ethiopiër met 'n hond?  
'n Vegetariër.
- (6) Watter nut het die Ethiopiërs gevind vir ongebruikte tuinslange?  
Hulle gebruik dit vir slaapsakke.

Die verskynsel van 'n ander kultuurgroep as teiken bring in die geval van (4), (5) en (6) ook ter sprake die teorie wat beweer dat grappe 'n uitlaatklep is vir psigologiese spanning, dat dit die mens verlos van sy inhibisies om oor onderwerpe te praat wat taboe is. Die gevolg is onder andere in hierdie geval die sogenaamde galgehumor, ook swart humor genoem. Grappe wat ontstaan het ná die Challengerramp in die VSA is 'n goeie voorbeeld van hierdie verskynsel. Daar is egter menige tragedies oor die hele wêreld wat om welke redes ook al nooit die algemene aandag trek nie. Suid-Afrika is geen uitsondering nie en voorbeelde hiervan kom onder die volgende opskrif ter sprake.

### 4.5 Galgehumor

Die busramp in Westdene in 1985 waarin nagenoeg veertig skoolkinders verdrink het, het 'n aantal voorbeelde opgelewer. Net een voorbeeld word hier aangehaal, ter staving van die argument dat die informasie wat as gedeel aanvaar word, slegs aan Suid-Afrikaners bekend is:

- (7) Niemand gaan meer in die Westdenedam visvang nie, omdat die kinders die aas van die hoeke afsteel.

Nog 'n ramp vind in 1988 plaas: 'n vliegtuig van die SAL, die *Helderberg*, stort in die see neer net voordat dit sou land op Mauritius na 'n lang vlug vanaf Taiwan. Die bemanning, sowel as al die passasiers, bestaande uit Suid-Afrikaners en Taiwanese, het omgekom. Een voorbeeld oor hierdie gebeurtenis word as voorbeeld gebruik:

- (8) Wat het die een haai vir die ander haai gesê?

Kom ons gaan na die Helderberg vir Sjinese wegneemetes.

Die informasie wat hier as bekend aanvaar word, kan soos volg opgesom word:

- \* Die nasionaliteit van sommige passasiers.
- \* Die gebruik van die SAL en om sy vliegtuie na bekende berge in die land te vernoem, asook die gebruik om name vir restaurante uit dieselfde bron te kry.

Vernietigende verspoelings kom in 1988 in die Oranje-Vrystaat en Natal voor wat na 'n uitmergelende droogte die boere in verdere ellende dompel. Die grappe wat hierna ontstaan, sonder weer net die Oranje-Vrystaat uit as teiken:

- (9) Plase is deesdae baie goedkoop in die Vrystaat; 'n mens moet hulle egter gaan haal in die Kaapprovinsie.

Kennis van die Suid-Afrikaanse riviere en provinsies word hier as bekende informasie aanvaar.

#### 4.6 Politiek

Politieke leiers, groepe en hulle beleidsrigtings is tradisioneel teikens vir grappe. Vanweë sekere wette in Suid-Afrika het die politieke grappe en dié wat etnisiteit as tema het, verstrengeel geraak. Die gevolg is dat politieke grappe soms net sowel as etnies geklassifiseer sou kon word. Informasie wat hier ter sprake kom, essensieel vir die geslaagtheid van die betrokke grap, sal as basis hê kennis oor die verskillende etniese en politieke groepe, die geskiedenis van die land, taalgroepe, leiers, ensovoorts. Heelwat van hierdie soort grappe bestaan. Alle partye neem daaraan deel, terwyl die stereotipering van mekaar in die proses baie opsigtelik is. (1a) is reeds 'n voorbeeld daarvan dat die destydse staatspresident van Suid-Afrika nie baie populêr was nie. Die volgende voorbeeld hanteer dieselfde tema en stel die teiken, die staatspresident, in 'n swak lig:

- (10) P.W. Botha het 'n vergadering toegesprek in een of ander noordelike staat in Afrika. Weens die taalprobleem het die tolk elke sin vertaal. Telkens skree die skare: KAJAATI! KAJAATI! P.W. het dit geïnterpreteer as entoesiasme vir wat hy sê. Na sy toespraak loop hy en die tolk oor 'n pad waarlangs 'n trop beeste pas verby is. Die tolk waarsku P.W. toe: Pasop, meneer die President, dat u nie in die kajaati trap nie!

'n Persoon met wie P.W. Botha heelwat verskille gehad het, is Aartsbiskop Tutu. Hierdie informasie figureer in (11), en die siening dat die pers soms bevooroordeel is in beriggewing, in (12):

- (11) P.W. Botha is nie goeie skaakspeler nie; hy weet nie wat om met die swart biskop te doen nie.
- (12) P.W. Botha en Aartsbiskop Tutu hou eendag samesprekings op 'n boot in die middel van 'n dam om van die lastige pers ontslae te wees. Die wind waai P.W. se hoed af; Tutu staan op, loop op die water en gaan haal die hoed. Die opskrifte in die koerant die volgende dag lui: TUTU KAN NIE SWEM NIE!

Een van die sanksies wat onlangs opgehef is, is dat sekere lugrederye weer op Suid-Afrikaanse lughawens kan land. Informasie in hierdie verband word gebruik in die volgende voorbeeld. Dit illustreer ook die stereotiepe beeld wat die Afrikaner oor ander kulture het waarmee hulle in 'n minder of meerdere mate vertrou is. Dit is in die vorm van 'n nuusberig:

- (13) Suid-Afrikaners sal eersdaags weer passasiersvliegtuie van oor die hele wêreld te sien kry. Om die verskillende rederye te herken, kan na die volgende opgelet word:

Die vliegtuie van Japan het ovaalvensters, terwyl dié van Frankryk 'n "love bite" op die stert het.

Vliegtuie van Irak is vol gate.

Zimbabwe se vliegtuie stort altyd neer wanneer hulle land, terwyl dié van rederye verder noord in Afrika hulle bagasie op 'n dakrak dra.

Die SAL sleep soos gewoonlik 'n Venter-sleepwaentjie; dié van Italië het hare onder die vlerke.

Om Rusland se vliegtuie te herken, is maklik: "Rusland" is op die kante geverf; dié van Groenland is rooi.

Portugal se vliegtuie word herken aan die reuk van groente, terwyl dié van Griekeland vis en aartappelskyfies bedien by elke maaltyd.

Sekere informasie in die voorbeeld spreek vanself. Dit weerspieël die swak reputasie van die rederye in die res van Afrika, die voorkoms van ander kultuurgroepe, die beroepe wat sommiges van hulle beoefen en ander informasie wat eie is aan Suid-Afrika, soos die Portugese met hulle groentewinkels en die Grieke wat kafee-eienaars is.

Die huidige staatspresident is ook nie heeltemal gespaar as 'n teiken nie. 'n Enkele voorbeeld steun egter op informasie waarsonder die teks 'n blote mededeling sou wees, sonder enige trefkrag:

- (14) Het jy geweet wat die voorletters is van F.W. se kleinseun? Dit is F.G. -- die kind se naam is Frederik Gatiep; en het jy geweet wat sy eerste kleindogter se naam gaan wees? Merike Meraai.

Die beweerde verhouding tussen die Staatspresident se seun en 'n kleurling-meisie is die informasie wat hier ter sprake is, asook dat die name "Gatiep" en "Meraai" met die kleurlingbevolking geassosieer word.

Heelwat grappe werk met woordspeling en dit beteken dat die assosiasies van betekenis wat daarmee bewerkstellig word, veroorsaak dat sulke voorbeelde net nie vertaalbaar is nie. Kennis van die betrokke taal is dus informasie waarsonder hierdie voorbeelde net nie slaag in sy doel om as grap te kwalifiseer nie.

In die volgende voorbeeld moet mens weet watter populêre sportsoort rugby in Suid-Afrika is en die strawwe kompetisie wat daarmee gepaard gaan. Sekere spelers is ook meer beroemd, berug, populêr of onpopulêr. Dit het dan ook enkele jare gelede gebeur dat Jan Els, 'n flank van die Vrystaat, vir Naas Botha, die bekende losskakel van Noord-Transvaal, met 'n vuishou platgeslaan het tydens 'n wedstryd. Al hierdie informasie word as bekend aanvaar in 'n voorbeeld wat ook in die vorm van 'n vraag en antwoord is:

- (15) Het jy gehoor dat hulle vir Jan Els 'n pos aangebied het in die biblioteek van die Vrystaatse Universiteit? Hy gaan werk in die naslaanafdeling.

Verdere besondere informasie wat hier ter sprake kom, het te doen met die uitspraak van Afrikaans -- die amalgamering van identiese konsonante naas mekaar. By die uitspraak van "Naas slaan", word as gevolg van die genoemde verskynsel in die uitspraak slegs een [s] gehoor en klink dit dieselfde as "naslaan", foneties [na:sla:n].

Die laaste aspek wat ter sprake kom in die ondersoek na onontbeerlike, gedeelde informasie het te doen met die Van der Merwe-figuur wat die Afrikaner gebruik om met homself te spot. Van der Merwe is skelm, doen die mees onnosele dinge en hy beland in allerlei vreemde situasies. Hierdie kru stereotipe van die Afrikaner is dikwels dwaas, maar nooit gemeen nie, hy vermaak en daar word van hom verwag om eksentrieke dinge te doen; daar word egter nie neerhalend vir sy manewales gelag nie. Uit die talle voorbeelde word die volgende genoem, wat ook op die informasie steun dat Suid-Afrika 'n meertalige land is en dat almal nie ewe tuis is in 'n tweede taal nie:

- (16) Van der Merwe se seun kom die middag van die skool met die boodskap van die onderwyser: Pa, die onderwyser sê ek moet 'n ensiklopedie kry.

Van der Merwe: Dis twak! Toe ek so oud soos jy was, moes ek skool toe loop -- jy kan dit ook doen.

Daar word met hierdie voorbeelde aangetoon dat daar van verskillende soorte informasie gebruik gemaak word. Dit dien as basis, as vertrekpunt, of dit word as algemeen bekend aanvaar. Daarsonder maak die betrokke tekseenheid net nie sin nie, dit wil sê die grap is nie geslaagd nie omdat essensiële informasie ontbreek. Die informasie wat ter sprake gekom het, is van 'n kulturele aard en dit word vervolgens geklassifiseer.


## 5. KLASSIFIKASIE VAN KULTURELE INFORMASIE IN GRAPPE

As aanvaar word dat grappe 'n algemene verskynsel is in alle gemeenskappe en dikwels oor en weer vertel word, sal dit nuttig wees om die skema van aanvaarde bekendheid van Prince (1981:237) op so 'n wyse uit te brei dat dit die betrokke informasie dek.

Die kulturele informasie wat in die voorbeeld ter sprake gekom het, is volgens die skema nie nuut nie, ook nie afeibaar nie; die aard daarvan is dat dit opgeroep is, meer bepaald situasioneel -- die informasie het te doen met die volgende onderskeibare aspekte:

- \* Politiek.
- \* Geografie.
- \* Name van mense en stede.
- \* Tragedies (belangrike gebeurtenisse).
- \* Opinies oor kultuurgroepe (a) binne geografiese verband,  
(b) buite geografiese verband.
- \* Taal.

Die gevolgtrekking waartoe gekom kan word, is dat in die skema onder opgeroep -- situasioneel die volgende uitbreidings noodsaaklik is:



## 6. GEVOLGTREKKING

As die feit in ag geneem word dat grappe algemeen voorkom, ook dat dit gebruik word om te amuseer in 'n verskeidenheid situasies, moet daar voorsiening gemaak word vir die tipe informasie wat eksklusief behoort tot spesifieke kulturele groepe. Die voorafgaande is 'n aanduiding van 'n wyse waarop dit gesistematiseer kan word. Dit voorsien 'n raamwerk vir die verskeidenheid informasie wat nodig is om die verskillende soorte grappe te

snap wat algemeen in die hele wêreld voorkom, maar wat terselfdertyd eksklusief is tot bepaalde kulture.

## SUMMARY

Certain texts, called "jokes", are designed to make one laugh. Jokes are short stories with the minimum of detail, but with bits of essential information. This information is supplied in a certain order and in such a manner that the punch line will act as a trigger to arouse laughter. What triggers this amusement, is the unexpected, surprising and amusing meaning of the punch line. The effectiveness of this all-important punch line depends on the information build-up.

People from the same cultural group will share certain information. The narrator, the person telling the joke, will keep this in mind when packaging the information he supplies in the joke text. Certain information may not be common knowledge to everyone in the audience and when this information is of a cultural nature, it will have to be explained to the uninformed part of the audience.

In 1981 Prince, in a article called "Towards a taxonomy of given-new information", made a useful classification of the different kinds of information. Because of the confusion as to what "shared knowledge" really means, the term "assumed familiarity" is used for classification of information under different headings: new information, which can be divided into brand-new and unused, inferable information, divided into non containing and containing, and information which can be classified as textually and situationally evoked. This taxonomy does not elaborate on the question of information of a cultural nature. It is often information of this kind that is necessary for a joke to be successful.

Cultural information concerns history, geography, surrounding cultures, language, politics, typical names of people and places, important events as well as disasters. It is this kind of information which the narrator will assume his audience to be familiar with.

A variety of jokes are available in which cultural information, e.g. about the different provinces in South Africa is needed. It is also a common phenomenon that other cultural groups are the targets for jokes. South Africa is no exception. Politics often is of such a nature that it is only the inhabitants of the country itself who are familiar with it. The same applies to black humor, initiated by tragedies and other mishaps.

It is concluded that Prince's classification of "assumed familiar" information can be extended under the node of "situationally evoked" information. It is suggested that this cultural information will concern politics, geography,

names, tragedies, cultural groups and language. It should be systematized in this way to improve the existing taxonomy.

## VERWYSINGS

- Bach, K. en Harnish, R.M. 1979. *Linguistic communication and speech acts*. Cambridge: The MIT Press.
- Brown, G. en Yule, G. 1983. *Discourse Analysis*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Carstens, W.A.M. 1984. 'n Kontekstuele analise van Afrikaanse bepaalde voornaamwoorde. Stellenbosch: US. (Proefskrif - D.Litt.) 437 p.
- Carstens, W.A.M. 1992a. 'Inleiding tot die Sosiolinguistiek II: Die konteks as bepalende faktor.' *Tydskrif vir Taalonderrig*, 26 no. 1: 46-54.
- Carstens, W.A.M. 1992b. 'Inleiding tot die Sosiolinguistiek III: Die invloed van die pragmatiese konteks op sosiolinguistiese studies.' *Tydskrif vir Taalonderrig*, 26 no. 2: 63-74.
- Chafe, W.L. 1976. 'Givenness, Contrastiveness, Definiteness, Subjects, Topics, and Point of View.' Li, C.N. (Red.). *Subject and Topic*. New York: Academic Press.
- Dolitski, M. 1983. 'Humor and the unsaid.' *Journal of Pragmatics*, 7: 39-48.
- Du Plessis, T. 1987. 'Dis net 'n grappie! Ironie: 'n perspektief binne die taalhandelingssteorie.' Van Jaarsveld, G.J. (Red.). *Wat bedoel jy?* Pretoria: Serva-Uitgewers.
- Garvin, P.L. 1969. 'The Prague School of linguistics.' Hill, A.A. (Red.). *Linguistics today*. New York: Basic Books.
- Gruner, C. R. 1978. *Understanding laughter; the workings of wit and humor*. Chicago: Nelson-Hall.
- Hetzron, R. 1991. 'On the structure of punch lines.' *Humor* 4-1: 61-108.
- Hockett, C.F. 1977. 'Jokes.' *The view from language Selected essays 1974 -- 1984*. Athens: The University of Georgia Press.
- Kuno, S. 1976. 'Subject, Theme, and the Speaker's Empathy - A Reexamination of Relativization Phenomena.' Li, C. (Red.). *Subject and Topic*. New York: Academic Press.
- Kreitler, S., Drechsler, I. and Kreitler, H. 1988. 'How to kill jokes cognitively? The meaning structure of jokes.' *Semiotica* 68-3/4: 279-319.
- Raskin, V. 1985. *Semantic mechanisms of humor*. Dordrecht: D. Reidel.